ELZETTE MINNAAR TOERE

Posbus 54107
Ninapark
0156
info@minnaartoere.co.za
www.minnaartoere.com

Tel 012 546 0770
Tel 012 565 4883
Sel 082 761 7115
Faks 086 628 6146

LADY GREY PASSION PLAY
9 – 13 APRIL 2020



Die Lady Grey Passiespel, 'n jaarlikse produksie, wat Jesus Christus se geboorte, lewe, leiding, kruisdood, opstanding en Hemelvaart uitbeeld, word hierdie jaar vir die agtiende agtereenvolgende jaar aangebied. Hierdie gesamentlike projek van die **Lady Grey Kunste-Akademie, die NG-Gemeente** en die groter gemeenskap van Lady Grey het ten doel het om die Evangelie op unieke en spesiale wyse te verkondig. Wat die **Passiespel so uniek maak** is die **kombinasie van verskeie kunsvorme** om die verhaal van Jesus oor te dra. **Drama en toneelspel** maak uit die aard van die saak 'n groot deel uit van die verrigtinge, maar dit is nie al nie.

Die **Altech Konsertkoor** maak 'n prominente deel uit van die naweek se program en sing verskeie bekende geestelike en ander gepaste koorwerke, waaronder **Handel se Hallelujakoor**, klassieke en moderne koorwerke. Klassieke ballet en moderne danse maak verder deel uit van die vertelling, terwyl beeldende kunste deurlopend aangewend word om die tema en emosies rondom **Paasfees** te versterk. Die **drie-dae-lange produksie**, met ongeveer **160 akteurs** en verskeie dansers, vind jaarliks gedurende die **Paasnaweek** plaas en word op verskillende plekke in die **skilderagtige dorpie** opgevoer. Al die akteurs, onder wie leerders van die **Lady Grey Kunste-Akademie**, **onderwysers, boere, pensionarisse, sakemanne** en vele **ander "gewone" mense**, is almal **lede van die gemeenskap van Lady Grey**.

Die **Passiespel** begin om **14:00 op Goeie Vrydag** en duur tot en met die **Opstanding** en **Hemelvaart op Paassondag**. Besoekers word aangemoedig om volgens 'n Bybelse tema aan te trek en deel te vorm van die gebeure gedurende die naweek. Indien u verkies om net gewone klere te dra is dit ook reg. Die **Passiespel in Lady Grey** is 'n **wonderlike geestelike ervaring** wat 'n mens nie onaangeraak laat nie. Die opvoering se teks is in engels - baie verstaanbaar en aangrypend.

Do 9 APR

Ons vertrek om 06:00 vanaf die **Garden Court Hotel**, hoek van Pretorius- en Endstrate. Ons reis met die N1 deur Kroonstad, en Bloemfontein. By Bloemfontein swenk ons weg in die rigting van Aliwal Noord en daarvandaan in die rigting van Lady Grey.

Lady Grey is 'n skilderagtige dorpie wat geleë is in die **Oos-Kaap**, aan die voet van die **Witteberge**, ongeveer 300 km vanaf **Bloemfontein** in die rigting van

Aliwal-Noord. Baie van die dorp se inwoners is op die een of ander manier betrokke by die opvoering. **Die Passiespel** word so aangebied dat daar ook geleentheid is om saam met die **kunstenaars deur die dorp te beweeg** en sodoende raak u deel van die opvoering.

Vr 10 APR, Sa 11 APR, So 12 APR

Die verrigtinge begin Vrydag om 9 uur met 'n **Erediens in die NG Kerk.**

Na 'n heerlike ontbyt vertrek ons na die Kerk vir die erediens.

Die Passiespel begin om 14:00. Tussen die oggend en laatmiddag en aand sessies sal ons ons tyd verwyl by The Market Place. Daar is 'n groot tent waar ons sal ontbyt, middag- en aandetes eet. Daar is verskeie ligte maaltye beskikbaar vir die middag soos bv. pannekoek, vetkoek, toebroodjies, tee, koffie, koek ens. Daar is ook verskeie aandenkings van die Passiespel te koop in die tent.

Tussendeur die opvoerings sal ons die geskiedkundige besienswaardighede besoek in die dorp en meer te wete kom van Lady Grey en sy mense! Ons besoek ook die Museum.

Ma 13 APR

Ons vertrek vandag terug na Pretoria. Ons ry deur **Aliwal Noord en eet ontbyt by die Wimpy. Verder tot by Bloemfontein, Kroonstad** tot in **Pretoria**. Ons arriveer ongeveer 17:00 in Pretoria met wonderlike herinneringe aan **die Passiespel in Lady Grey** wat ons lewens aangeraak het.

Kom saam vir 'n ongelooflike geestelike ervaring! Van KRIP tot KRUIS!

LADY GREY PASSION PLAY			9 – 13 APRIL 2020	
Deposito	**Prys**	**Enkelbybetaling**	**Vertrek om**	**Opklimpunt**
R2000	R6710	R700 (Beperk)	06:00	Garden Court Hotel
Bankbesonderhede	• Rekening naam: AMT • Bank naam: FNB Tjekrekening • Rekening nr: 626 168 615 07 • Takkode: 254 005			
Verwysingsnommer	• Gebruik asb die volgende verwysingsnommer: • LAD gevolg deur u van [bv LAD-Pieterse]			
Kontant inbetalings	GEEN KONTANT INBETALINGS WORD AANVAAR NIE – maak asb gebruik van EFT betalings of bankoorplasings. • Epos bewys van betaling na info@minnaartoere.co.za of faks na 086 628 6146 met u naam en van en toernaam waarvoor betaling gedoen is.			
Deposito	• Deposito van R2000 betaalbaar met bespreking. • Die balans is betaalbaar 45 dae voor die toer se vertrekdatum.			

Toerprys sluit in	• Luukse busvervoer met lugreeling, gordyne en toilet • Goeie akkommodasie in Lady Grey • Twee etes daagliks - ontbyt en aandete • Toegangsgelde: Passiespel: Naweekkaartjie-Vrydag, Saterdag & Sondag. • Toer deur die dorp
Toerprys sluit uit	• Uitgawes van persoonlike aard • Middagetes • R80 minimum bydrae vir busbestuurder
Belangrik	• Alle roetes, busse, toerpryse en datums van toere en uitstappies is onderhewig aan verandering.

Hoop ons sien julle op die bus!

Vriendelike groete

Elzette Minnaar